22 Januarie 2023 - Marcel Floor

## Liturgie:
Votum & Seëngroet
SB 1-2: 1-3
Geloofsbelydenis – SB 12-2:1-5
Jak. 4:1-17 (83AV)
Hoe lyk my lewe vir die Here?
Lied 442:1-2
Gebed van Koos du Plessis (gemeente sing biddend saam)
Kinderkerk
Perikoop: 1 Kor. 3:21-4:7 (83 Vertaling)
Fokusverse: 1 Kor. 4:3-4 & 6b-7 (83 Vertaling)
Tema: Ek moenie te veel óf te min van myself dink nie, ek moet net minder <u>aan</u> myself dink.
Preek
Gebed
Dankoffer vir Barmhartigheid
SB 3-5:1-3 (Melodie lied 602)
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:
**Tema: Ek moenie te veel óf te min van myself dink nie, ek moet net minder <u>aan</u> myself dink.**
**Inleiding**
1. Mense in die gemeente in Korinte stry oor wie die belangrikste is. (1 Kor. 3:4, 21, 4:6-7)
2. Ons selfbeeld...
3. Wat leer die Bybel ons oor hoe ons na onsself moet kyk?
    a. Tim Keller: The Freedom of Self-Forgetfulness.

**A: Mense se natuurlike ego**
1. Hoe lyk mense se natuurlike ego? (1 Kor. 3:21, 4:6-7)
2. "Opgeblase" (vgl. 1 Kor. 4:6 53AV)
3. 'n Opgeblase ego mag dalk groot wees... maar dit is nie noodwendig goed nie...
    a. Leeg.
    b. Pynlik.
    c. Besig.
    d. Broos.

**B: Hoe lyk 'n veranderde Bybelse siening van jouself?**
1. 1 Kor. 4:3: *Maar vir my is dit nie van die minste belang of my betroubaarheid deur julle of deur 'n menslike regbank beoordeel word nie. Trouens, ek beoordeel dit self nie eens nie.*
2. Hoe kom mens op so punt dat jy nie meer beheer word deur wat ander van jou dink nie?
    a. Die meeste sielkundiges se antwoord.
    b. Paulus se antwoord: *Dit is nie van belang hoe ander jou beoordeel, of hoe jy jouself beoordeel nie... al wat van belang is, is hoe die Here jou beoordeel*. (1 Kor. 4:3-4)
3. Bybelse nederigheid (as mens steeds minder aan jouself dink) bring vryheid!
4. Hoe staan dit met jou?

   a. Een manier om dit te toets is om te kyk hoe jy kritiek hanteer.

**C: Hoe kry ek 'n Bybelse siening van myself?**

1. Ons word inderdaad deur ander mense beoordeel. (1 Kor. 4:3-4)
2. Mense ervaar die lewe asof hulle elke dag in 'n hofsaak is. (1 Kor. 4:3-4)
3. As jy Bybels na jouself as ware gelowige wil kyk, dan moet jy besef die hofsaak is oor!
4. Dit is net in die evangelie van Jesus waar jy eers die uitspraak hoor... en daarná moet jy uit dankbaarheid gehoorsaam gaan leef vir die Here.
5. Hoe is dit moontlik dat ons hofsaak reeds afgehandel is?
6. As jy jouself só sien... vrygespreek... regverdig voor God... duur gekoop...

**Slot**